TERUGVOERVORM VIR KONSULTASIEPROSES OOR KERKHERENIGING

Naam van gemeente: Klipplaat ..... **Sinode:** ***NG Kerk in Oos-Kaapland***

Belangrik
1. Hierdie vorm word gebruik vir die terugvoering van groepgesprekke in die gemeente. 'n Kopie van die vorm word ook gebruik vir die opsomming van die gemeente se insette en kommentaar.
2. Baie belangrik: By die gemeente se opsommende vorm moet alle "rou data", maw die skriftelike terugvoering wat gekry is van al die gesprekke in die gemeente, aangeheg word.
3. Die gemeente se opsomming met die aangehegte rou data moet nie later as 31 Oktober 2007 by die sinodale kantoor wees nie. **Stuur dit aan**: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055.
4. Volledige bronne oor kerkhereniging is beskikbaar by www.ngkok.co.za/eenheid. Dit sluit ***hierdie terug-voervorm*** en die meegaande boekie, ***Konsultasie oor Kerkhereniging***, in.

A. Die gesprekke self

1. Hoe wyd is in die gemeente gesprek gevoer en kommentaar gevra oor die vier voorstelle
[Merk al die blokkies wat van toepassing is]
   - ☐ Kerkraad
   - ☐ Wyke
   - ☐ Kleingroepe
   - ☐ Lidmate: byeenkoms
   - ☐ Lidmate: individueel
   - ☐ Ander: Per telefoon

2. Is met die oog op die gesprekke sowel die Belharbelydenis as Begeleidende Brief aan lidmate beskikbaar gestel om te lees?
   - ☑ Ja
   - ☐ Nee

B. Gesprekke oor die Konfessionele Basis

Wat is die kommentaar en terugvoering wat die gemeente gegee het oor die Konfessionele Basis van 'n nuwe kerkverband?
Mening oor die voorstel?

Hoekom moet kerke herenig word ? Daar is nie haat of vyandskap tussen die verskillende kerke nie. Ons aanbid tog almal die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, MAAR daar is so 'n groot verskil tussen ons kulture en gewoontes. Ons weet, want ons het al ingeskrewe lidmate van die VGK gehad. Ons het niks gesê nie en hulle maar aanvaar. Hulle kon nie inskakel by ons gewoontes en maniere nie en het toe so vinnig as wat hulle gekom het weer terug gegaan na hulle kerk. Hoekom word so baie tyd en geld gemors op 'n kerkhereniging ? Ons het elkeen ons eie kerk en baie van ons predikers bedien hulle ook. Moet kerkhereniging ook weer ryp gedruk word, soos so baie dinge in die verlede. Kan dit nie stelselmatig groei van onder af nie ? Hoekom moet dit van bo af georganiseer word ? Mense van ander kerke en kulture is hartlik welkom om enige tyd ons dienste bywoon, mits hulle inskakel by ons gewoontes en nie hulle manier van doen op ons afdwing nie.

Ons aanvaar ook nie die Belhar-belydenis nie. Vir ons klink dit baie eensydig. Nog 'n vraag wat ontstaan het is: het die leiers nie al klaar besluit hulle wil voortgaan nie ? Hoekom dan al die geskryf en gepraat. Wat gaan word van die kerke en gemeentes wat nie saamstem nie ? Gaan dit nie ook maar dieselfde pad loop as die besluit oor homoseksualiteit nie, waar ons ook duidelik gesê het dat ons nie dit goedkeur nie en toe is dit maar net aanvaar. Nou moet die Bybel weer herskryf word om aan te pas by die mense van vandag. In Levitikus 18 vers 22 staan dit duidelik dat jy nie 'n homoseksuele verhouding mag hê nie..... *Vroeër miskien sondig. Vandag aanvaarbaar.Geen sonde nie.* Hoekom is die blanke Afrikaner nooit tevrede nie. Die Metodiste het nog nooit aan hulle Engelse Bybels verander nie. Nou gaan die Afrikaanse Bybel al weer verander word.

Nuwe/ ander voorstelle?

C. Die Model

Wat is die insette uit die gemeente oor die voorgestelde model?

Mening oor die voorstel?

2.2. Gemeentes behou hulle verantwoordelikheid met betrekking tot besluitneming en bediening en 2.3 sê hulle sal nie in een struktuur geforseer word nie. Daar sal 'n spesifieke program in die nuwe kerkverband wees om gemeentes by te staan. Is dit nie weerspreking nie. Met ander woorde die hereniging gaan deurgevoer word en ons moet maar net inval by al die reëlings. 2.4. "n Nuwe Algemene Sinode *moet* gevorm word.....al is almal nie tevrede nie ? Volgens 2.5 *moet* daar nuwe strukture gevorm word soos voorgstel deur 'n nuwe Kerkorde van die nuwe Sinode. Ons , die N G Gemeente van Klipplaat, wil voortgaan soos van-ouds. Ons doen ook nie afstand van ons eiendom nie. Ons wil graag die N G Kerk bly.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?



D. Gesamentlike projekte

Watter bydraes is daar in die gemeentegesprekke gelewer oor die voorstelle vir gesamentlike projekte?

Mening oor die voorstel?

Hoekom bekommer ons ons oor dinge soos kerkhereniging, 'n nuwe naam en strukture.Daar word dan nou glad nie meer op die verkondiging van die Woord van God en die siele heil van die lidmate gefokus nie.....dan is alles mos te vergeefs ! Ons moet dalk meer aandag hieraan gee en vergeet van ander dinge soos kerkhereniging. Ons kan mos nog altyd die Here dien , elkeen in sy eie kerk en taal en kultuur. Gaan kleurverskille nou ook tot in ons kerk uitkring ? Is dit nie maar waaroor als op die ou end gaan nie ? Alles word van ons af weggevat .....nou moet ons afstand doen van iets wat vir ons kosbaar is. Ons N G Kerk. Ons weier.

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?



Nuwe/ ander voorstelle?



E. Versoeningsprosesse

Die voorstelle oor versoening handel veral oor die konflikte in gemeentes van die NGKA en die VGKSA. Dit raak egter ook die NG Kerk:

Mening oor die voorstel?

Wat moet by die voorstel bygevoeg/ weggelaat word?

Nuwe/ ander voorstelle?



F. Moontlike naam van 'n nuwe kerkverband

Indien daar in die gesprekke spesifieke menings of voorstelle ten opsigte van 'n naam vir die nuwe kerkverband na vore gekom het, gee dit asseblief hieronder weer:

ONS WIL DIE NG KERK BLY

.....

.....

Indien daar inligting is wat nie in die gegewe blokkie kon inpas nie, of ander sake wat u sou wou noem, kan u dit aan hierdie vorm heg.

Baie dankie vir u deelname en aandeel!!

Stuur hierdie vorm voor 31 Oktober 2007 aan: Skriba SK, NGK Oos-Kaapland, Posbus 34842, NEWTONPARK PE, 6055